# SONDAG, 20 SEPTEMBER 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

| | |
|---|---|
| **07:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens. |
| **EREDIENSTE** | **08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens**<br>Chris de Wet<br>**Skriflesing:** 2 Korinthiërs 2:12-17<br>**Tema:** *Geurverspreiders*<br>**Spesiale Deuroffer:** Ring-Noodfonds<br>Digitale Uitsending 08:00<br>https://youtube.com/live/7zoaR1iKsIM?feature=share |
| **09:00** | **JUNIOR EN SENIOR KATEGESE** |

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir lemoensap en 'n lemoen lekker. Daar sal ook koffie/tee en malvalekkers na beide dienste wees.

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Sakkie Griessel** (Buitewyk), vier vandag sy **82ste** verjaardag,
- **Hettie Meyer** (Buitewyk), vier vandag haar **82ste** verjaardag,
- **Karel Buitendag** (F13), vier op 23 September sy **82ste** verjaardag,
- **Andre van Niekerk** (F13), vier op 23 September sy **85ste** verjaardag,

*"Ja, deur my, Wysheid, word jou lewensdae meer,*
*word daar vir jou lewensjare bygevoeg." – Spreuke 9:11 (2020-vertaling)*

## PROGAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG, 21 September 2026**
**18:00 Bybelskool** in die kerk – Levitikus 16-17**.**

**WOENSDAG, 23 September 2026**
**18:00 Gebedsgeleentheid** in die Gemeentesentrum.

**VRYDAG, 25 September 2026**
Afhaal van **Melkkos by die groot kombuis** op die stoep tussen 17:00 en 18:00.

## VOLGENDE SONDAG – 27 SEPTEMBER 2026

**BIDDAG VIR BEJAARDES**

| | |
|---|---|
| **08:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens. |
| **09:00** | **Erediens:** Chris de Wet<br>**Skriflesing**: Psalm 139:1-24<br>**Tema:** Dié Een wat omgee, wéét!<br>**Spesiale Deuroffer:** Hartenbos Versorgingsoord |

## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**KLEIN-BRAKRIVIER WYKE K1 tot K5**
- *Ons innige meegevoel aan **Anelise en Gerrie Pieterse** (K5), met die afsterwe van hulle pa **Eben,** Saterdag 12 September 2026.*

**REEBOK WYKE R6 TOT R11**
- **Peet Diedericks** (R7), sterk tuis aan na 'n operasie.
- **Leon Janse van Rensburg** (R10), wat behandeling ontvang.

**REEBOK WYKE R16 tot R20**
- **Blackie Swart** (R17), sterk aan na 'n groot operasie in die George Medi Clinic.
- **Amanda Pienaar** (R20), sterk aan na 'n rugoperasie.

**REEBOK WYKE R21 TOT R24**
- **Faure Coetzee** (R21), sterk aan na 'n groot operasie in die Intensiewe Eenheid Life Bay View

**FRAAI-UITSIG WYKE F1 TOT F5**
- **Vlam van Deventer** (F4), sterk in die Stepdown Knysna aan na 'n operasie.
- **Sakkie Griessel** (F5), sterk aan by dogter na Vermorale Omleining.

**FRAAI-UITSIG WYKE F6 TOT F10**
- **Annatjie Kleynhans** (F6), sterk tuis aan na hospitalisasie.

**BUITEWYK**

- **Dries Swart** (Danabaai Blue Ridge) sterk tuis aan.
- **Sarie Potgieter** (Buitewyk), se dogter Analee in Engeland sterk aan na 'n baie groot operasie.

## ALGEMENE INLIGTING




**Dek 'n Plek benodig jou hulp!**

Dek 'n Plek het verlede jaar 400 etes verskaf aan gemeentelede en aan behoeftiges deur die hande van gemeentelede. Die aanduiding is dat die behoefte kan verdubbel in 2026. **Ons het jou hulp nodig om van tyd tot tyd 'n ekstra porsie van jou maaltyd voor te berei en kerk toe te bring.**

***So werk dit***

Kry Sondae tussen dienste leë bakkies met 'n deksel by die vriendelike mense van die bediening buite die hoofingang van die kerk. Vries die ekstra maaltyd wat jy voorberei, bring die gevriesde ete(s) Sondag kerk toe en gee af by die bediening se stasie buite die kerk.

Kom maak 'n verskil in ons omgewing.

***LERAARS EN AMPTENARE SAKE***

***Richard van Wyk***

*Verlof – tot 01/10*

***Martina van den Berg***

*Aftyd vir Oortyd – 21/09 & 25/09*

***Erika Botma***

*Afdag – 23/9*

***BEROEPSPROSES***

*Met die oog op die beroeping van 'n voltydse leraar vir die gemeente, word lidmate uitgenooi om die name en kontakbesonderhede van gelegitimeerde predikante van die NG Kerk vir die kerkkantoor deur te gee wat na u mening as kandidaat oorweeg kan word in die beroepsproses. Die sluitingsdatum is **22 Oktober 2026**.*

Snap here to pay

SnapScan

**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak. Nie u naam en van nie.

**BANKBESONDERHEDE:**
**ABSA: 404 908 7902**
**NG KERK REEBOK**

**KOMMUNIKASIE MET KERKKANTOOR**

Die gemeente beskik oor 'n selfoonnommer (***062 793 7574***) waarmee daar weeklikse kommunikasie gestuur word aan elke lidmaat wat deel is van 'n wyksgroep. Indien u kontakbesonderhede verander het soos bv., selfoonnommer, epos-adres en woonadres, kontak asseblief dadelik die kerkkantoor om dit aan te meld. Ons wil seker maak dat u besonderhede op ons Winkerk-stelsel korrek en op datum is.
Die selfoon is net vir Whatsapp korrespondensie. Skakel asseblief die kerkkantoor (***044 696 6685***) indien u met een van die kantoorpersoneel wil praat.

**KENNIS VAN KANTOORURE**

MAANDAE: 10:00 TOT 12:00
WOENSDAE: 08:00 TOT 13:00
VRYDAE: 08:00 TOT 13:00
*Kerkkantoor ingang by die konsistorie.*